Bronnie
Die The Bronberger
fokus op die landelike leefwyse / focus on country living
Julie/July 2024 Vol.22 No.11
info@bronberger.co.za
www.bronberger.co.za
012 734 0522
gratis/free
Nou ook beskikbaar via WhatsApp en e-pos



## Binne / Inside:


- Steengroef teen Bronberg sluit – bl 6
- Wrede Witpoort-plaasaanval – bl 8
- Drie jaar om sake reg te stel – bl 12
- Pretoria se heel eerste dokter – bl 16
- Petro se kosbare aandenking – bl 22
- Kom-kuier-kos uit die veld – bl 24

**V-Tek** Service Centre

# AUTO REPAIR & MAINTENANCE

## Services Offered

### Routine Maintenance Services
- Oil changes
- Major Services
- Wheel alignments
- Brake inspections and repairs
- Battery checks and replacements
- Transmission services
- Tyre rotations
- Air conditioning services

### Repair and Replacement Services
- Engine repairs and replacements
- Transmission repairs and replacements
- Suspension and steering repairs
- Electrical system repairs
- Exhaust system repairs and replacements
- Interior upholstery
- DPF regeneration

### Complete Diagnostic Services
- Computerized engine analysis
- Airbag System diagnostics & repairs
- Fuel system diagnostics
- Electrical system diagnostics
- Fault code reports

Schedule an appointment:
012 803 4021 / 071 335 6453
And let us take care of all your vehicle maintenance & repairs!

www.vtekservicecentre.my.canva.site/ 012 803 4021 50 Graham Road, Shere Pretoria East
RMI miwa



**RAYTON** H/v R515 & R104, Jan Ellis Winkelsentrum
**MORELETAPARK** De Villebois Mareuilstraat 1267
012 940 0511
www.waterpumpgroup.co.za
admin@waterpumpgroup.co.za

Water Pump Group
sustainable reliable solutions
Proudly South African

## Professionele en omvattende watervoorsiening

• BOORGATPOMPE • SONKRAGPOMPE • DRUKPOMPE
• VSD POMPE • DOMPELPOMPE • BESPROEIINGS TOEBEHORE
• TENKS • VERVAARDIGING VAN HDPE & LDPE PYPE
• BOORGAT TOETS EN INSTALLASIES • EN ANDER WATER TOEBEHORE

Besoek ons winkels vir al jou benodighede en professionele diens.



INYATI DRILLING

# INYATI DRILLING
BY KRAGDAG

8, 9 & 10 Augustus

Ons is industrieleiers in geotegniese, omgewings-, myneksplorasie en waterhulpbronboor, bekend vir ons uitnemendheid. Met 'n fokus op kliënte se behoeftes en 'n span bekwame professionele persone, bied ons kundige leiding oor die beste booropsies.

KragDag
doen jou eie ding

- DIAMANT KERNBOORWERK
- SIMMETRIESE BOORWERK
- BOORGAT SPOEL |SKOONMAAK
- BOORGAT BOORWERK
- GEOFISIESE OPNAME
- PRODUKSIE BOORWERK
- ODEX BOORWERK
- OMGEKEERDE SIRKULASIE BOORWERK

Bronnie
Bronberger

Julie/July 2024

012 734 0522 / www.bronberger.co.za

• Redaksie •






Angie Kleijn 012 734 0522
info@bronberger.co.za
WhatsApp/Telegram: 083 959 1016



## Advertensie: Navrae en Bespreking

Bel ons nou vir jou wenner-advertensie in ***Die Bronberger***. Ons staan jou by met raad, daad, fotografie en die opstel en uitleg van jou advertensie teen geen ekstra koste nie. Jy kry 'n gratis proef vir goedkeuring voor plasing. 'n Advertensie in ***Die Bronberger*** bring nuwe voete na jou besigheid. Ons bereik die min ontginde koopkrag in die ooste van, en ten ooste van Pretoria met 'n publikasie wat die mense regtig wil lees. Vra gerus ons gereelde adverteerders of volg die lesersmeelewing in ons briewekolom.

Bel ons by 012 734 0522 of stuur 'n e-pos na info@bronberger.co.za.
Besoek www.bronberger.co.za.




Tania 072 089 0227
tania@bronberger.co.za


Hannes 072 992 5440
hannes@bronberger.co.za
Rayton, Cullinan, Bronkhorstspruit



**Uitgegee deur:** Die Bronberger, Posbus 92366, Mooikloof, 0059 Tel: 012 734 0522;
Faks: 086 650 7860
E-pos: info@bronberger.co.za
Gedruk deur Seriti Printing Digital, Derdepoortstraat 318, Silverton

**Advertensie & redaksionele navrae en -bydraes**
Tel: 012 734 0522

**Verspreiding / Distribution:** Die Bronberger word teen die middel van elke maand versprei:
Toonbankverspreiding in: Olympus, Zwavelpoort, Shere, Tygervallei, Hazeldean, Silver Lakes, Boschkop, Tierpoort, Rietfontein, Mooikloof, Bashewa, Grootfontein, Welbekend, Bapsfontein, Klipkop, Witpoort, Kleinzonderhoudt, Mooiplaats, Donkerhoek, Pienaarspoort, Kleinfontein, Vaalbank, Valtaki, Cullinan, Rayton, Bronkhorstspruit, Kaalfontein, Faerie Glen, Moreletapark, Waterkloofrif, Menlyn, Wapadrand, Lynnwoodrif, Willows, Equestria en Garsfontein.



**Kopiereg**
Kopiereg word op alle redaksionele materiaal in dié uitgawe gehou. Terwyl alle voorsorg deur die uitgewer en redakteur geneem word, kan ons nie verantwoordelik gehou word vir enige foute of uitlatings nie.


**Bladuitleg**


Jeanette
083 258 2665
jeanette@bronberger.co.za




Vintage Graphic Designs






## My eerste Bronnie

**Frikkie de Jager van Benoni:**
Hoe sou ek ***Die Bronberger*** kon komplimenteer as dit nie was vir die Broodblik & Koffiepit koffiewinkel wat ook by julle adverteer nie? Die Junie ***Bronberger***-uitgawe is my eerste ervaring. As afgetrede bankier wie woonagtig is in Rynpark-aftreeoord, Rynfield, Benoni, was ek so beïndruk met julle verskeidenheid artikels asook puik adverteerders, dat ek julle graag komplimenteer met ***Die Bronberger*** se uitgawes.
Ook wil ek almal wie ***Die Bronberger*** lees vra om werklik die adverteerders te ondersteun. Was dit nie vir vandag se boere-ontbyt en boerbrood by Broodblik & Koffiepit, waar ek ***Die Bronberger*** tydskrif gratis ontvang het nie, sou ek definitief die artikel oor Willem Prinsloo Landboumuseum se Mampoerfees gemis het. Nogmaals baie dankie vir julle puik tydskrif.

## Net soos julle doen

**Trienie Botes van Cullinan:**
Weereens baie dankie vir die plasing van ons T-lepel-ete. Mag dit ander seniors inspireer om uit te reik en van ons wêreld 'n beter plek te maak . . . net soos julle doen!

## Die ekstra myl

**Lizelle Van Eeden van Zwavelpoort:**
Ons woon op Zwavelpoort en liewe tannie Nela Pretorius (buurvrou) het vir ons dogtertjie, Klarabelle, 'n Heidi-rokkie gemaak. Sy het dit Maandagoggend in 'n sakkie aan ons palissadehek gehang sodat Klarabelle (ons eie Heidi) die rokkie kan aanpas wat sy spesiaal vir haar verjaardag op 26 Julie gemaak het.
Met die wind gister, het die sakkie op die grond beland en het die vullisverwyderingstrok dit saam met al ons ander vullissakke geneem. Ons het vir Debbie by Van Zyl Refuse gebel en gevra of hulle groot asseblief kan kyk om die ou dogtertjie se hartjie gerus te stel.
Debbie het my so 4 nm gebel en gesê die trok wag by Bafana. Hulle het tussen al die asbliksakke gesoek en het die rokkie vir ons gekry! Ons wil net dankie sê vir die ekstra myl wat hulle vir 'n klein dogtertjie geloop het. Klarabelle het hulle met 'n geldjie beloon.



*Klarabelle met haar Heidi-rokkie in 'n sakkie by die vullisverwyderingstrok*



*Klarabelle in haar Heidi-rokkie*

## Volpunte vir artikel

**Pieter Strobos van die Moot:**
'Terugslae, tragedies en teleurstellings van Villieria se taalpionier-stigter' in ***Die Bronberger*** se Mei-uitgawe: Ek wil net my grootste dank en waardering vir die besondere artikel oor die geskiedenis van Villieria uitspreek.
Ek het vyf jaar vir prof Deon von Willich by die Departement Siviele Ingenieurswese as senior lektor gewerk. Sy ouma, Bettie von Willich, is natuurlik op Robertson begrawe, soos ek toe in die artikel gelees het. Ek dink prof von Willich sou volpunte vir hierdie artikel gegee het!
Prof Deon von Willich was 'n baie talentvolle man. Byvoorbeeld: Jong ongetroude paartjies het na hom toe gekom om in sy perfekte handskrif troukaartjies vir hulle uit te skryf. Sy lesings was ook in sy eie handskrif uitgeskryf. Ek het nou nog afskrifte daarvan.
Dan het hy 'n besonderse musiektalent gehad.
Baie, baie dankie Angie.



## Verwoestende brande

**Freda Waterston van die Bronberg-gebied:**
Voor elke winter is ons angstig oor wat hierdie seisoen gaan gebeur. Voor elke koue front wat kom, is dit erger met die wind wat woes waai. Jou lewenswerk kan binne minute verwoes word.
Jy maak voorbrande en beplan wat jy kan en vertrou in jou Hemelse Vader vir beskerming en gaan help jou gemeenskap waarvan jy deel is as daai angskreet oor die gemeenskapradio kom: "Daar is 'n brand!"



*Anneline Grobler stuur dié foto en vertel dat 'n plaas tussen Rayton en Cullinan met 'n onverwagse wind op 3 Julie in 'n kwessie van 'n half-uur swart gebrand het*

## Verander winter se spelling

**Buks Dom Boer Barnard van Elandshoek:**
Dom Boer se kille beswaar teen spelling vir die dag:
Elkeen behoort te weet dat die winter net erg (of erger) raak as die wind waai. As die wind nie waai nie is die winter warmer en die koue kalmer. Die angel van die winter lê in die wind.
Daarom reken Dom Boer die taal- en spellingbeheptes wat hulle smoele so vol het oor spelfoutjies soos 'waarskeinlik' in plaas van 'waarskynlik', 'oppad' of 'opad' in plaas van 'op pad' en 'aantuigings' in plaas van 'aantygings' moet eerder hulle kragte daaraan wy om die spelling van 'winter' na WINDTER te verander. Dit sal beter by die koue pas.

## 'n Simboliese plant

**Betsie Steyn van Kleinfontein:**
Jacques Erasmus van Kleinfontein het op 'n dag 'n stukkie afgebreekte kaktusplantjie sommer net so regop in die grond gedruk en gehoop dit sal groei.
Was sy verbasing groot toe die plant gegroei het en uiteindelik dié kruis-vorm gemaak het. Hy sê dit is die eerste keer wat hy so iets sien en dit is vir hom 'n simboliese teken – die vorm so met die dorings.



*Die kaktuskruis*



## Ons voorblad

*Dié twee njala-bulle in die dorre winterveld van Stillbosch-wildreservaat staar stip na Johan Pretorius se kameralens*

Bronberger

# kommentaar

# Dankbaarheid

Liewe leser. Hier sit jy met 'n gedrukte Bronnie in jou hande (en 'n groot aantal lesers met 'n elektroniese Bronnie op hulle rekenaar of selfoon se skerm) en wonder dalk hoe dit moontlik kan wees om die Bronnie aan te hou lees (en dit nogal gratis!) wanneer soveel koerante binnekort glad nie meer gaan bestaan nie.
In Junie het Media24, wat deur Naspers besit word, aangekondig dat hulle beplan om die gedrukte uitgawes van 'Beeld', 'Rapport', 'City Press', 'Daily Sun' en 'Soccer Laduma', asook die digitale uitgawes van 'Volksblad', 'Die Burger Oos-Kaap' en 'Rapport' te sluit.
'Beeld' en 'Rapport' sal later slegs op Netwerk24 gelees kan word. 'Volksblad' en 'Die Burger Oos-Kaap' kon nog digitaal in pdf-formaat van Netwerk24 afgelaai word, maar hulle afsonderlike identiteite gaan aanstons verlore wees omdat hulle inhoud as losstaande berigte in die groter Netwerk24 opgeneem gaan word.
Veertien oudredakteurs van Afrikaanse koerante in die Media24-stal het 'n brief aan die voorsitter van Media24 se direksie, Rachel Jafta, gestuur om hulle kommer oor dié besluite te spreek. Verskeie ander stemme, insluitend dié van die voorsitters van Capital Newspapers en Caxton, maak ook teen dié besluite beswaar. PEN Afrikaans sê dat wanneer nuusverslaggewing in Afrikaans slegs aanlyn en agter 'n betaalmuur beskikbaar is, dit menige Afrikaanse lesers noodwendig uitsluit.
So, hoe kan 'n klein, heeltemal onafhanklike publikasie soos ***Die Bronberger*** steeds voortbestaan en boonop binnekort sy 22ste verjaardag vier? Daar is verskeie redes en een daarvan is dat die Bronnie 'n gemeenskapsblad is wat een maal 'n maand binne 'n baie spesifieke gemeenskap verskyn. Die dringendheid van aktuele nuus speel hier nie so 'n groot rol nie. Mense verwag deesdae om die heel jongste nuus oombliklik elektronies te kry en dit is nie ter sprake by so 'n gemeenskapsgerigte maandblad nie.
Die Bronnie doen wel verslag oor aktuele sake wat die gemeenskap raak, maar val nie soseer onder nuusmedia nie. Ons gretige lesers sien uit en is bereid om te wag vir die Bronnie se besonderse rubrieke, goed nagevorste artikels en algemene gemeenskapsinligtingsdiens met sy fokus op 'n bepaalde landelike gebied. Die lesersbriewe wat ons elke maand ontvang wys hoeveel meelewing daar uit die gemeenskap is en hoeveel erkenning daar vir die Bronnie se eiesoortige identiteit is.
Die onderskraging wat ons selfs in moeilike ekonomiese tye geniet, dien as barometer vir Bronnie-lesers se bereidwilligheid om ons adverteerders metterdaad te ondersteun. Baie, baie dankie. Ons salueer julle.

**Om jou Bronnie maandeliks elektronies te kry, stuur die versoek met jou naam en van en die omgewing waar jy woon na info@bronberger.co.za.**
**Stuur 'n dergelike versoek per WhatsApp na 083-959-1016 om die elektroniese uitgawe op WhatsApp te ontvang. Dit is gratis.**










# Steengroef teen Bronberg maak toe



*Willows Steengroef*
*Foto: Google Maps*

Willows Steengroef het teen die einde van Mei produksie gestaak. Die maatskappy is besig om oorblywende voorraad te verkoop en gaan daarna begin om die aanleg te verwyder en sal vir die volgende twee tot drie jaar die perseel rehabiliteer.

By dié steengroef teen die noordelike hang van die Bronberg op Zwavelpoort is daar vir langer as 70 jaar eers sand en toe klip uit die Bronberg ontgin. Raubex het in 'n verklaring aan ***Die Bronberger*** gesê dat hulle die steengroef sedert 1997 bedryf, maar dat hulle nie die grondeienaar is nie. Die besluit om die steengroef toe te maak is ná noukeurige oorweging van verskeie faktore gemaak, insluitende strategiese sake-doelwitte.

"Ons is toegewy aan 'n omvattende rehabilitasieplan wat omgewingsvolhoubaarheid en die welstand van die gemeenskap as prioriteit stel. Ons sal verdere besonderhede mettertyd bekendmaak en is nog besig om met belanghebbendes te praat."

## Besware

In die heel eerste uitgawe van ***Die Bronberger*** in September 2002 het ons berig dat die destydse Bronberg Bewaringsvereniging verskeie besware teen dié steengroef langs Lynwoodweg-verlenging (Grahamweg) gehad het, soos dat die Bronberg stelselmatig uitgedolwe word en dat skaars plant- en dierelewe, soos die bedreigde Juliana se goue mol en minstens sewe bedreigde plantsoorte, in die gedrang gebring is.

Volgens die vereniging is onaanvaarbare vlakke van stof- en geraasbesoedeling ervaar en het gevaarlike vlieënde rotse die lewe van mens en dier op naburige hoewes in gevaar stel wanneer plofstof gebruik is om klip uit die berg los te skiet.

In reaksie op die nuus dat die steengroef toemaak, het Henk Bloem, 'n lid van die destydse Bronberg Bewaringsvereniging, gesê: "Ons hoop dat niemand die steengroef gaan oorneem en net verder aangaan nie. Hopelik word die grond nou vir iets beter gebruik."

***Die Bronberger*** het in Junie met Malcolm de Klerk, raadslid vir wyk 101, oor die verwikkelings by die steengroef gepraat. Hy het gesê dat die steengroef een van die eerste dinge was waaroor inwoners met hom gepraat het toe hy 'n raadslid geword het, dat verskeie vergaderings met rolspelers gehou is en dat daar selfs 'n hofbevel oor die plofstof-skietwerk uitgereik is.

## Regsaksie

Bure van die steengroef, Kungwini Welsynsorganisasie (KWO), het verduidelik waaroor die regsaksie gegaan het. KWO het in 1983 ontstaan ná grond deur dr Arrie Jungnickel vir die daarstelling van 'n residensiële versorgingsoord vir volwasse gestremde persone geskenk is. KWO voorsien behuising aan 160 gestremde volwassenes en werk aan 103 werknemers.

Daleen Botes, uitvoerende hoof van KWO, het aan ***Die Bronberger*** gesê dat hulle ongeveer vier jaar gelede opgemerk het dat die skietaktiwiteite van die steengroef al hoe nader aan hulle perseel plaasvind.

"Dit het 'n groot impak op ons geboue, inwoners en selfs ondergrondse waterbronne gehad. Ons het met die bestuur van die steengroef in gesprek getree om die omvang van hulle mynbedrywighede te bepaal en gevind dat hulle lisensie reeds verskeie jare gelede verval het en dat hulle nie binne 500 meter van die naaste geboue mag skiet nie. Tog het hulle op 'n 'status quo' basis, wat deur die departement van minerale hulpbronne (DMR) ondersteun is, voortgegaan," sê Daleen.

## Stryd

"Na gesprekke met die DMR en die steengroef se bestuur, het ons besluit om 'n prokureur, wat in dié soort sake spesialiseer, aan te stel om die myn te dwing om op te hou om so naby aan ons geboue te skiet. Dit was 'n stryd van ongeveer twee jaar lank," sê Daleen.

Sy sê dat die myn gereeld tussen 180 meter tot 220 meter aan KWO se naaste geboue geskiet het. Verskeie gesprekke is met die DMR en myn gevoer – sonder enige sukses. Daarom het KWO ook die nuwe aansoek van die myn om binne 500 meter van KWO te skiet, teengestaan.

"As 'n welsynsorganisasie het ons nie die finansiële middele om die skade aan ons geboue, wat deur die steengroef veroorsaak word, te herstel nie. Geboue het begin kraak, plafonne het uitgeval en boorgate het toegeval. Na konsultasie met die DMR het die myn wel 'n bydrae gemaak om krake te herstel," sê Daleen.

KWO het baie geld aan prokureurskoste spandeer en sal bly wees as mense uit die gemeenskap 'n bydrae kan lewer. Kontak Natalie vir 'n Art18.A belastingsertifikaat vir skenkings: marketing@kwo.org.za of 074-566-0005.

## Toekoms

Raadslid Malcolm de Klerk het gesê dat die grondeienaar van die perseel beplan om ná die rehabilitasie van die steengroef voltooi is, die perseel in 'n ontwikkeling soortgelyk aan die N4 Gateway Park te omskep. Dit sal 'n ligte industriële sekuriteitspark met verskeie kleiner en groter ondernemings wees, soos Malcolm dit verstaan.

Hy sê dat so 'n park ook tot gevolg sal hê dat die dekadelange probleme met onwettige sjebiens en plakkers, wat langs die steengroef woon, tot 'n einde sal kom.

Malcolm het gesê dat 'n winkelsentrum oorkant die pad, op die westelike hoek van die Boschkoppad se aansluiting met Lynnwoodweg-verlenging, beplan word. 'n Rowwe skatting is dat konstruksie binne die volgende twee tot drie jaar gaan begin.

Volgens Malcolm sal dié ontwikkeling tot gevolg hê dat 'n verkeerslig uiteindelik opgerig gaan word waar die Boschkoppad by Lynnwoodweg-verlenging aansluit.




# Bibberweer

Lesers wys hoe die bibberweer vroeg in Julie water in ys omskep het.



*'n Mooi ysskinkbord op die voëltjiebad*
*Foto: Eus de Clerk*



*Druppels water aan die metaalpype het ys geword*
*Foto: Ursula Joubert*






aktueel

# Wrede plaasaanval by Henopper Melkery ruk Witpoort-gemeenskap

Grietha Opperman is in 'n plaasaanval op 4 Julie by Henopper Melkery op Witpoort wreed aangerand en ernstig beseer.
Haar man, Hendrik, sê dat Grietha "erg vermink" is toe sy om 8:15 nm in die badkamer van hulle woning oorval is en geld van haar geëis is. Hendrik het 8 nm melkery toe gegaan, waar die derde melksessie van die dag om 7 nm begin het.
"Ons het nie geld in die huis gehad nie en hy het die slaapkamer verwoes en haar rondgeruk, neergegooi, geskop en met 'n hamer aangerand. Dit het my hond, Simson, wat by my in my melkery se kantoor was, laat onraad merk en hy het aggressief begin blaf en uitgestorm," sê Hendrik.
Hy sê dat die aanvaller gevlug het sonder om iets te neem en Grietha kon haar in die slaapkamer gaan toesluit en vir Hendrik bel. Hy het dadelik sy buurman gebel, wat twee veiligheidsgroepe geaktiveer het. Dié groepe het die ambulans laat uitkom.


*Grietha Opperman met nooddienste en polisie op die toneel*
*Foto's: Verskaf*

"Die hele gemeenskap was gou op bystand by ons. Baie dankie! Ons kon afgevoer word na Pretoria-Oos Hospitaal terwyl die aanvaller 2 km op pad na Kanana-plakkerskamp gevlug het."

Hendrik het gesê dat die aanvaller in 'n spoorwegpolisiepatrollie vasgeloop het. Hulle het onraad gemerk toe hulle sien hoe bebloed hy is. Hy het glo gesê dat hy 'n bok geslag het. Dié patrollielede het hom aan die SAPD oorhandig.
Polisiewoordvoerder, adjudant-offisier Johan van Dyk het bevestig dat die verdagte in hegtenis geneem is en dat hy op 8 Julie in die hof verskyn het. Hy sê dat die staat vir sewe dae uitstel vir verdere ondersoek gevra het en ook gereed is om borg teen te staan.

## Geliefd

Hendrik en Grietha is bekende en geliefde inwoners van die Witpoort-omgewing. Hendrik se oupagrootjie, Rudolph Willem Jacobus Opperman, het hom in die 1860's op Witpoort gevestig.
Hendrik en Grietha het mekaar op 22 Junie 1968 op Delmas ontmoet en is op 8 Augustus 1970 getroud. Hulle bly hulle lewe lank neffens Laerskool Witpoort, wat Hendrik se oupa, Flip Opperman, en die gemeenskap in 1904 begin het. Hulle kleinkinders is al die sesde geslag op Witpoort. Eintlik die sewende geslag, want Grietha se oor-oor oupagrootjie was Hendrik se oupagrootjie se oudste broer en hulle is met twee Bronkhorst-susters getroud.


*Simson*

Teen die Bronnie se saktyd was Grietha nog in die hospitaal en het daar berading ontvang. Sy is van die hoësorgeenheid na 'n gewone saal oorgeplaas en het verskeie wonde op haar kop en gesig. Haar neus is gebreek asook 'n paar ribbes.

## Skuil


Hendrik het gesê dat die aanvaller 'n ruk gelede op 'n tydelike basis vir hulle gewerk het. Hy het help kabels span toe hulle kampe gemaak het. Ná die aanval kon hulle op CCTV-beeldmateriaal duidelik sien waar hy voor die tyd geskuil het.
Simson verdien 'n goue medalje, sê Hendrik. Dit is dié hond, wat maar skaars 20 maande oud is, wat die aanvaller op vlug laat slaan het. Simson is 'n Blumenweiler, 'n kruising tussen 'n bloedhond, Dobermann en Rottweiler.
"Ons grootste dank en lof aan die Here wat sy vleuels van beskerming oor ons uitsgesprei het en Simson gebruik het om die aanvaller af te skrik," sê Hendrik.


*Grietha en Hendrik Opperman*

# Fop-polisie vasgetrek


Twee mans wat na bewering voorgegee het dat hulle polisiebeamptes is, is op 24 Junie in hegtenis geneem.
Volgens polisiewoordvoerder, adjudant-offisier Johan van Dyk, was dié twee in besit van items wat in 'n roof op 19 Junie naby Boschkop op die Ou Bronkhorstspruitpad (R104), gesteel is. Hulle was ook in besit van verskeie selfone, wat vermoedelik gesteel is, en vervalste polisie-kaarte.
Johan het gesê dat die moontlikheid dat dié twee mans by ander sake betrokke was, ook ondersoek word.
Volgens Etienne Schoeman, eienaar van Echo-1 private sekuriteitsmaatskappy, het twee voetgangers op 19 Junie aan een van sy patrollie-offisiere berig dat hulle deur fop-polisie beroof is. Die patrollie-offisiere het die slagoffers na die Boschkop-polisiestasie geneem waar 'n saak opgemaak is.
'n Beskrywing van die voertuig is gekry en dié voertuig is op 24 Junie gewaar en naby Rayton voorgekeer. Die twee mans het glo pas twee ander slagoffers beroof en dié slagoffers het die verdagtes geïdentifiseer. Daar is later gevind dat die voertuig 'n huurmotor was.
Etienne het gesê dat die twee mans soos volg werk: Hulle sê dat hulle polisiebeamptes is wat 'n roof ondersoek en vra dat die slagoffers hulle selfone oorhandig as bewysstukke in 'n roofondersoek asook enige kontant, sodat hulle kan kyk of daar bloedvlekke op die geld is.


*Die verdagtes word in hegtenis geneem*
*Foto: Echo-1 sekuriteitsmaatskappy*




# Forum takel sloot

Die besoedelde stormwatersloot langs Garstfonteinweg in Moreletapark is op 27 Junie deur die gemeenskap self skoongemaak.
Volgens die Pretoria-Oos Gemeenskapsorgforum het rommel en verwering dié sloot verstop en ook veroorsaak dat besoedelde water uiteindelik in die Moreletaspruit beland en skade aan spesies in dié spruit aanrig.
Stigterslid van dié forum, Deirdré van Helsdingen, het gesê dat hulle nog nie die geblokkeerde sloot wat onder Rubensteinrylaan deurloop kon skoonmaak nie, omdat spesiale toerusting daarvoor nodig is. Hulle is besig om kwotasies te kry om 'n masjien vir dié werk te huur.


*Die stormwatersloot langs Garstfonteinweg*
*Foto: Pretoria-Oos Gemeenskapsorgforum*







FAMILY PET CENTRE
Family Pet Centre is Lolla se enigste voorkeur.
Sy is tevrede met niks minder nie.
DIE GROOTSTE 1-STOP TROETELDIER-WINKEL IN SUID-AFRIKA
SILVER LAKES Hazeldean Square Winkel #47
KONTAK ONS: 012 750 0090
CENTURION Centurion Lifestyle Centre
KONTAK ONS: 012 941 4825
FOURWAYS Fourways Crossing Shopping Centre
KONTAK ONS: 011 033 4600
BESOEK ONS WEBTUISTE WWW.FAMILYPET.CO.ZA
Vir ons geveerde gesin se veiligheid, moet asseblief nie met voëls die winkel binnegaan nie.


TEL: 011 822 8503 / 011 964 1323
FAX: 086 630 2616
sales@gas2u.co.za
www.gas2u.co.za
GAS2U
GPS co-ordinates
-26.0026161 28.4140339
14 Magic Avenue Bapsfontein
(near BP Garage)
LP Gas for sale
Walk-in price unbeatable
Orders include
Free Delivery
48-50kg
14-19kg
2 - 9kg
New Cylinders for sale
Industrial Gas for sale
Cylinder Monthly Rental
OXYGEN
OXYGEN
Same Day
FREE Delivery
CADAC
Cadac 5kg gas cylinder
R699
Gas kettle 3.0L
Various colours
Now R299
Portable heater (cylinder top)
Now R449
Totai cooker top
Now R130
Gas cartridge deal
Bulk Buy Deal
R129.99 (4 Tins) U-Save R70
OR R49.95 each
Cadac 3-panel gas heater (takes 9kg cylinder)
Now R1 199
Totai portable gas cartridge stove
Now R259
U-Save R110
Cadac stainless steel
Cannister 2-burner frying pan & lid
Now R1 999
Cadac griller 3-burner
Stainless Steel
Now R2 199
Totai 5-burner gas hob, 900mm
Stainless Steel & Wok (double) burner
Now R2 899 U-Save R600
Ferre full gas stove 5-burner
Now R8 999
U-Save R1 800
While stocks last!!
Every day is pensioners day – less 5% (gas only)
Prices valid until end of July 2024
T's & C'ss apply. All prices include VAT
PRO-MAX
INTA

# Slegs drie jaar om sake reg te stel

***Stads- en streeksbeplanner, Carlien Potgieter, verduidelik hoe Stad Tshwane se nuwe wetgewing en beleide oor landbougrond en die ontwikkelings en geboue daarop, plaas- en hoewebewoners raak.***

Daar is nou verskeie nuwe definisies van grondgebruike, veral op plotte en plase. Die grondgebruikbestuursverordening raak veral grondontwikkelingsaansoeke wat voor 2010, toe die voormalige munisipaliteite van Kungwini en Nokeng by Tshwane ingelyf is, in beginsel goedgekeur is.

Die Tshwane Grondgebruikbestuursverordening, 2016, is gewysig en op 24 Maart 2024 geproklameer. Die Tshwane Grondgebruikskema 2024 het op 1 Julie in werking getree en alle voormalige munisipaliteit-goedkeurings moet binne drie jaar vanaf 1 Julie 2024 reggestel word.

Die bepalings van dié subartikel is slegs van toepassing op grondontwikkelingsaansoeke wat nie aangeneem is nie en die grondgebruiksregte wat nie aan die elektroniese soneringdatabasis gekoppel is nie.

'n Aansoeker wat wil voortgaan met 'n grondontwikkelingsaansoek wat goedgekeur is, maar nie aangeneem of soos beoog gekoppel is nie, moet spesifieke inligting aan die munisipaliteit verskaf.

Waar voorwaardelike goedkeuring deur die eertydse munisipaliteite verleen is, maar die vereistes vir doeleindes om aan die genoemde voorwaardes te voldoen nie gespesifiseer was nie of geen verdere bepaling vereis was nie, word die goedkeuring as 'n beginselgoedkeuring beskou.

Aansoeke wat in dié subartikel beoog word, is onderhewig aan die uitreiking van 'n finale goedkeuring deur die munisipaliteit. Dié goedkeuring sal alle voorwaardes van grondgebruik, wat deur die aansoeker nagekom moet word, bevat asook enige relevante skemadokumentasie en magvoorwaardes wat 'n tydperk bepaal waarbinne daar aan die voorwaardes voldoen moet word.

Indien die eienaar of aansoeker nie die nodige inligting kan verskaf sodat die munisipaliteit dit kan nagaan nie, word die aansoek as "nie goedgekeur nie" geag en verval dit.

Enige grondontwikkelingsaansoekgoedkeuring verleen deur die eertydse munisipaliteite wat nie in werking gestel is of aangeneem is nie, sal binne drie jaar vanaf die inwerkingtreding van die nuwe subartikel verval.

Die gebruik van eiendom of konstruksies van geboue op eiendom wat nie aan die nuwe regulasies voldoen nie is 'n kriminele oortreding en kan tot kriminele vervolging of verhoogte eiendomsbelasting op eiendomme of boetes lei.

Verder moet alle eiendomme binne Stad Tshwane se munisipaliteit goedgekeurde bouplanne hê vir alle strukture op eiendomme en dit sluit plotte en plase in.

Ons raad is dat elke grondeienaar vasstel of hulle die nodige grondgebruiksgoedkeurings in plek het vir dit waarvoor hulle die grond gebruik, asook bouplanne vir alle strukture op hulle eiendomme, om die bogenoemde moontlike sanksies te vermy.

Die definisie van landbou in terme van die beleid oor die toekenning van grondgebruiksregte op plaasgedeeltes en landbouhoewes is: Grond en geboue wat gebruik word vir enige boerdery-aktiwiteite, die bewerking van grond vir die verbouing van gewasse en die grootmaak van diere en een woonhuis.

Grondgebruike wat met boerdery-aktiwiteite geassosieer word, sluit onder andere in akwakultuur, byeboerdery, voëls inteling, boerdery van beeste, bokke, hase en skape, wildboerdery, kweekhuis, verkoop en veiling van plaasdiere, marktuine, plant kwekery, plantasies, sampioenproduksie, bosbou en boorde en die verpakking van landbouprodukte op die eiendom. Sommige van die gebruike kan slegs deur'n toestemmingsgebruik of hersoneringsaansoek verkry word.

Landbou kan bykomende en ondergeskikte gebruike, soos wooneenhede vir die plaasbestuurder en werknemers, kantoor en berging, insluit. Slagplase, landbounywerheid, dierekosplekke, perdry-sentrums en sport- en ontspanningsterreine sal uitgesluit word.

Enige gebruike wat nie met die boegenoemde strook nie sal toestemming van die munisipaliteit nodig hê en die voorgeskrewe proses sal vir sodanige goedkeuring gevolg moet word.

Die volgende moet ook moontlik in ag geneem word vir ontwikkelings of die soort aansoeke of gebruike: 'n Omgewingsimpakstudie; Juliana Goue Mol-studie; verkeer-impakstudie; Tshwane pad meester-beplanning; voorgestelde Gautrans padnetwerke; 'n geotegniese studie; en 'n dienste impakstudie of verslae asook grootmaatdienstebydraes.

Grondeienaars moet besef dat dit tyd neem en ook redelik duur kan wees om alles uiteindelik wettig te kry. Dit is veral belangrik as die eienaars beplan om die eiendom te verkoop. Juis weens die tydsduur en onkoste van dié prosesse behoort dit vroegtydig reggestel te word.

# Bron van ontwrigtende rumoer verwyder

Bure se toenemende klagtes oor geraasbesoedeling vanaf Plastic View-nedersetting in Garstfonteinweg-verlenging, het vrugte afgewerp. Tshwane Metro-polisie het luidsprekers by sjebeens, wat glo die bron van die ontwrigtende rumoer was, op 15 Junie in beslag geneem.

Die metro het onlangs 'n hoë-vlak taakspan ingestel om herhalende kwessies by Plastic View, Cemetery View en Wolwespruit informele nedersettings te hanteer. Burgemeester Cilliers Brink het gesê dat dit vir die polisie baie moeilik is om geraas- en lugbesoedeling en die ontwettige verkoop van alkohol in informele gebiede te kontroleer, maar dat die metro vas van plan is om inwoners tegemoet te kom om die lewe in en rondom gemeenskappe veiliger te maak.



*Tshwane Metropolisie het luidsprekers by Plastic View-nedersetting in beslag geneem*
*Foto: Stad Tshwane*








# Verdagtes op Tierpoort doodgeskiet

Twee verdagtes is doodgeskiet en een in hegtenis geneem ná 'n aanval op 'n Tierpoort-kleinhoewe op 6 Junie omstreeks 6 nm. Volgens polisiewoordvoerder, adjudant-offisier Johan van Dyk, het drie gewapende mans by die huis ingebreek en 'n bejaarde vrou aangeval. Haar kleinseun was in sy kamer en het sy vuurwapen gegryp en haar te hulp gesnel.

Volgens Johan het die kleinseun gesien hoe 'n gewapende man sy ouma aanval. In skok het hy 'n skoot afgevuur en die man noodlottig gewond. Hy het gesien hoe nog twee mans naderkom en het meer skote in hulle rigting afgevuur, waarna hulle gevlug het.

Die polisie en sekuriteitsmaatskappy was gou op die toneel en het twee mans in die bosse teen die berg gevind. Een is raakgeskiet en is onder bewaking hospitaal toe geneem, waar hy later aan sy beserings beswyk het. Die Welbekend-polisie het die ander man in hegtenis geneem vir huisbraak, die besit van 'n ongelisensieerde vuurwapen en poging tot moord.

Volgens Etienne Schoeman van Echo-1 Sekuriteit, wat saam met lede van die Boschkop-reaksiemag op die toneel was, het die ouma harsingskudding gehad en is hospitaal toe geneem. Die gesin se hond, wat ook gewond is, het verdwyn, maar het die volgende dag teruggekeer.



*Bebloede klere en 'n masker*
*Foto: Verskaf*

# Skenkings vir stene

SA Cares for Life bou 'n laerskool met ses klaskamers danksy ruimhartige skenkings uit die gemeenskap.

Dié organisasie sonder winsbejag het 'n perseel in Zonderwaterweg op Cullinan waar hulle daagliks vir behoeftige kinders, wat hulle by hul woonplekke gaan haal, skoolgee, maaltye verskaf en met kospakkies by die huis gaan aflaai. Hulle maak die stene vir die bou van die laerskool self op dié perseel.

Michael Joubert, nasionale projekbestuurder van die organisasie, het gesê dat hy en sy span een klaskamer vir die 24 kinders wat daagliks onder hulle sorg is, wou bou. "Dit kos R12 om 'n steen te maak en ons het so 4 000 stene vir die projek nodig gehad, oftewel so R280 000."

Danksy luisteraars van die radiostasie GROOTfm 90.5, is hulle verwagtinge ver oortref en het skenkings van R365 000 ingekom.

Die opleidingsdienssentrum, verkoelkamer vir vleisverwerking, bakkery en koffiebrandery op SA Cares for Life se perseel is met stene, wat daar vervaardig is, gebou. Werklose ouers van behoeftige kinders kry die kans om te help stene maak en bou om 'n inkomste te verdien.

SA Cares for Life is al vier jaar in die Cullinan-gemeenskap aan die werk.



*Sonet Stofberg, Johan en Tanya Kelder, Michael Joubert en Annelie Bouwer*
*Foto: Verskaf*







# Het jy gehoor? / Have you heard?



KragDag, die alternatiewe energie en selfstandigheid ekspo, is van 8 tot 10 Augustus op 'n 11 hektaar uitstalterrein by Diamantvallei-landgoed op die R515. Met die leuse "Doen jou eie ding!" fokus KragDag op self- en onderlinge versorgingsoplossings vir huishoudings, hoewe- of plaasbewoners en klein tot medium ondernemings. Energie-selfstandigheid is 'n belangrike komponent van die ekspo, maar daar is vele ander uitstallings en meer as 600 uitstallers. Die ekspo sluit ook 'n landbou sub-ekspo in samewerking met TLU SA in, sowel as 'n opvoedkunde sub-ekspo, 'n vervoerafdeling en 'n kuns en kou-mark in samewerking met Solidariteit Helpende Hand. Skakel 087-231-1644 of besoek www.kragdag.co.za.

• • •



Fijn Kraft, waar 'n mens jenewer, bier, brandewyn, rum, whiskey en allerhande ander fynproewersalkohol kan proe, word van 10 vm tot 5 nm op 9 Augustus by Shokran, plot 99, Luiperdstraat, Tierpoort gehou. Kaartjies kos R200 en dit sluit toegang en 'n glas in. Daar is veilige parkering, musiekkunstenaars wat op die verhoog optree en verskeie koskraampies. Kaartjies is by iTickets beskikbaar. Skakel 082-335-5659 vir meer inligting.

• • •



Amanda Strydom bied 'Hoe ons voel' om 3 nm op 4 Augustus by Fairtree Atterbury-teater aan. In dié produksie skryf Amanda 'n brief vir en bring hulde aan 'n ikoon wat ons te vroeg verloor het – haar vriend Ralph Rabie (Johannes Kerkorrel). Musikale regisseur en pianis, Coenraad Rall, en kitaar-maestro, Leon Gropp, skilder 'n musieklandskap vir dié aangrypende produksie wat vir 'n Woordtrofee as beste produksie: solo-duo by die Woordfees 2023 benoem is. Kaartjies kos R250 en is by seatme.co.za beskikbaar. Die teater is in Daventrystraat 4, Lynnwood Manor.



'Colour My Soul Ladies' Day' is on 28 July from 11.30 am at Monte De Dios, plot 106, Achilles Street, Zwavelpoort. Tickets are available at quicket.co.za, cost R850 and include lunch, a welcome drink, a goodie bag, access to a 360 photo booth, and a Dot Art session. The keynote speaker is Zoya Mabuto-Mokoditoa and you'll have the opportunity to connect with the inspiring Cancervive team.

• • •



Die boekbekendstelling van Cobus Visser se outobiografie, 'Walking Through Fire: Whatever It Takes', is op 14 Augustus om 6 nm by TBC, Wekkerstraat 697, Moreletapark. Kobus is gebore met 'n lewensgevaarlike vorm van hemofilie, 'n siekte waar die bloed nie behoorlik stol nie. Tog het hy onder andere Kilimanjaro met krukke uitgeklim, 'n 'Firewalk'-instrukteur geword en wêreldwyd as professionele motiverende spreker gereis. Toegangskaartjies kos R300 en is by quicket.co.za beskikbaar. Die Afrikaanse weergawe van sy boek sal teen die einde van Augustus beskikbaar wees.


• • •



Die Cullinan Sjampanje, Sjokolade en Jenewer-fees is op Saterdag 3 Augustus van 9 vm tot 5 nm by die Premier Hervormde Kerk. Daar sal kuns- en handwerkkraampies wees, deli-kosse soos verskeie kase en konfyt, olywe, piekels en vleis. Musiekkunstenaars Scheppel en AJ DeVos gaan optree. Toegangskaartjies kos R130 aanlyn deur Quicket en R150 by die hekke. Bel Danie Booysen by 082-926-4326.

• • •

'Die vrou op die dak' is Je-ani Swiegelaar (Naomi Koster in 'Binnelanders') se eenvrouvertoning en word om 3 nm op 4 Augustus by AfriForum-teater aangebied. Je-ani vertolk die rol van 'n vrou op die rand van 'n moontlike afgrond; 'n komplekse, dog eenvoudige vrou met net één doel voor oë: behoud. Dié toneelstuk uit die pen van Germandt Geldenhuys



(Louis Koster in 'Binnelanders') is 'n kyk na een vrou se innerlike reis op die dak van haar huis, in die woonbuurt waar sy haar hele getroude lewe lank bly. Kaartjies kos vanaf R150 en is by afriforum-teater.co.za beskikbaar. Die teater is op die hoek van Thomas Edison- en 13e Straat, Menlopark. Skakel 066-420-6181.



'n Sake-ontbyt vir manne word om 7.30 vm op 26 Julie by NG Tygerpoort-gemeente, Henryweg 51, Shere gehou. Gaan luister na die verhaal van die Intercare Groep uit die perspektief van 'n pa en seun. Hendrik Hanekom, uitvoerende hoof, en Hendri Hanekom, besturende direkteur, vertel hoe die groep ontstaan het en watter lesse geleer is. Kaartjies kos R145 en is by quicket.co.za beskikbaar.

# Seniors celebrate Father's Day

Tierpoort Seniors celebrated Father's Day in June with the theme 'The Man, the Father, the Legend'.
Lené van Leeuwen and Noeline de Jager of Imperfect Perfection decorated the hall in rustic colours. On arrival each man received a decorated gift bag filled with biltong. The welcoming drinks of condensed milk coffee and rusks were enjoyed in front of the fireplaces burning in each corner.
The guest speaker was pastor Braam Klopper, a grief counsellor. The Seniors found his talk informative and many questions were asked.



*Marietha and Dawid Bodenstein with his biltong gift bag*



*The committee serving dinner, from left to right: Mariaan Anderson, Ida Zowitsky, Elaine Bothma, Theresa Joubert, Jouline Botha, Martie de Klerk, Linda Meintjies and Marietjie Alers*


The committee spoiled the guests with a lavish dinner. Pork schnitzels with cheese sauce, creamed potatoes, steamed pecan nut green beans and pineapple salad were served, followed by warm dessert.



*Seniors enjoying the event*



*Linda Roux with Charli and Albert Swart*



*Pastor Braam Klopper*






# Pretoria se eerste dokter help om Hollandse vrymesselaar-losie te stig

*Angie Kleijn*

Pretoria het sy heel eerste mediese dokter in 1859, knap vier jaar ná die dorp se ontstaan, gekry. Dié dokter was lid van Pretoria se eerste vrymesselaars-losie, Aurora, en hy was ook bekend daarvoor dat hy in die polemiek rondom mandate, die regering se papiernote en muntstelsel betrokke was.

Die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) se papiergeld was buite die grense van die ZAR absoluut waardeloos en handelaars het glo begin om hulle pryse te verdubbel. So het ruilhandel langsamerhand die plek van geldhandel begin inneem.

Dr Arnoldi het in die Staatskoerant adverteer dat "geen Mandaten of Gouvernements Noten zullen worden aangenomen voor Genees-, Heel- of Verloskundige diensten, of het leveren van Medicynen". Al sy rekenings moes in "Engelsch geld, goud of zilver" betaal word.

## Gebore

Bernardus Gregorius Antonius Daniel Arnoldi is op 25 November 1824 om 11 uur die oggend in Monnickendam, Noord-Holland gebore. Hy was een van 'n tweeling en sy broer se naam was verwarrend soortgelyk aan syne: Daniel Bernardus Gregorius Anthonius Arnoldi. Dié tweelingbroer is op 21 September 1829 in die ouderdom van vier jaar oorlede.



*Bernardus Gregorius Anthonius Daniel Arnoldi*
*Bron: geni.com*

Hulle ouers was Joannes Bernardus Arnoldi (6 Desember 1798 – 12 Desember 1844), 'n stadsjirurg en vroedmeester wat met die tweeling se geboorte 25 jaar oud was, en die 26-jarige Antje Brands Arbman (15 Junie 1798 – 8 Augustus 1876). Hulle is in 1823 in Monnickendam getroud.

Joannes was die seun van Bernardus Arnoldi en Joanna, 'n nooi van den Bergh. Antje was die dogter van Daniel Danielsz Arbman en Antje Brands.

Ons dr Arnoldi het, behalwe vir sy tweelingbroer, nog 'n broer gehad wat ook na Suid-Afrika geïmmigreer het. Joannes Nicolaas Bernardusz Arnoldi is op 20 November 1826 in Monnickendam gebore. Hy is met Anna Jacobsd, 'n nooi Bakker, getroud. Sy op 9 Desember 1822 in Broek in Waterland, Noord-Holland gebore. Joannes is op 22 Januarie 1895 op Rustenburg oorlede en Anna op 15 Oktober 1904 op Nylstroom.



*Dr Arnoldi se seun, Bernardus Henry Van Ketel Arnoldi*
*Bron: geni.com*



*Dr Arnoldi se seun, Bernardus Gregorius Anthonius Daniel Arnoldi*
*Bron: geni.com*

## Seil

Dit is nie duidelik of dié twee broers saam hierheen geïmmigreer het nie. Ons weet dat dr Arnoldi in Holland reeds 'n geneesheer was en dat hy op 22 April 1858 vanaf Texel, Holland met die 424 ton fregatskip Estafette na Suid-Afrika geseil het. Die skip se kaptein was AMH Rietveld.

Ten tye van sy vertrek was hy 34 jaar oud en het aangedui dat hy sonder 'n beroep is en Evangelies Luthers is. Die Estafette het op 8 Julie 1858 op Simonsbaai aangekom. Op 31 Julie het die skip na Port Natal vertrek en het op 20 Augustus 1858 in Durban aangekom.

Dr Arnoldi het hom in 1859 in Pretoria as geneesheer gevestig. In 1860 is 'n skoolkommissie vir Pretoria benoem en hy is as sekretaris gekies. Op 2 Mei 1860 is hy met Anna Francina, 'n nooi Zechner, getroud. Sy is op 10 Julie 1829 op Voorburg in Suid-Holland gebore en is op 25 Januarie 1906 op Heidelberg, Transvaal oorlede en in dié dorp se Kloof-begraafplaas begrawe.



*Ampsdraers van die Aurora-losie en Kapittel in 1865. Agter: Herman Jeppe; JC Preller; OC Weeber; en Fred Jeppe. Voor: RC Green; T Rodgson; M de Vries; JR Lys; en dr BGAD Arnoldi*
*Bron: wikitree.com uit 'Vrymesselary in die Ou Dae in Pretoria'*



*Die vrymesselaars se Britse Transvaal-losiekompleks op die hoek van Andries- en Vermeulenstraat, langs die Baptiste Kerk in 1908*
*Bron: Carol Hardijzer via Friedel Hansen*

## Losie

In 1862 is die Aurora vrymesselaars-losie onder die Nederlandse grondwet in Pretoria gestig. 'n Kapittel van die 18de graad was aan Aurora-losie verbonde, 'n graad wat suiwer Christelik is en waaraan slegs Christene kon behoort.


Dr Arnoldi was een van die mense wat 'n petisie onderteken het waarin 'n grondbrief aangevra is en gestuur is aan Sir Christoffel Josephus Brand, die nasionale grootmeester vir Suid-Afrika, in Kaapstad.

Die ander ondertekenaars was Chas. Ueckermann, Will Leathern, Will MacLaren, Martinus de Vries, Orman Carel Weeber, BJ Smithers, John Ridley, Fred Haenert, F Ueckermann, Andr. PJ Kirsten, Cornelis Moll en C Fred Kleyn.

Sir Brand het die petisie met sy aanbeveling aan die grootmeester in Den Haag, Nederland gestuur.

*Na bladsy 18*



# Eerste dokter . . .

*Vanaf bladsy 17*

Die grondbrief is op 22 Maart 1869 uitgereik en die losie se kleur was donkerrooi. Voor die uitreiking van die grondbrief, was dié Hollandse vrymesselaars reeds druk aan die werk.

## Grond

Hulle het 'n stuk grond op die hoek van Schoeman- en Andriesstraat gekoop, waar die eerste vrymesselaars-kompleks met 'n grasdak gebou is. Dié gebou is in September 1873 opgeknap.
In Mei 1876 het hulle 'n nuwe kompleks op die perseel gebou. Die hoeksteen is op 27 Mei 1876 deur president Francois Burgers, wat self 'n vrymesselaar was, gelê. Die volgende dag het hulle gesien dat die hoeksteen deur booswigte beskadig is. Die muntstukke en handveste wat by die hoeksteen geplaas is, was onaangeraak.
Die laaste byeenkoms in dié kompleks was rondom September 1878. 'n Donderstorm het die kompleks daarna verwoes en die Hollandse vrymesselaars was so moedeloos dat hulle nooit weer 'n nuwe kompleks gebou het nie.
Dit was die tyd van die Britse anneksasie en die Transvaal-losie het reeds op 15 Januarie 1878 met aktiwiteite onder die Britse grondwet begin. Die eiendom waar die Aurora-losie hulle kompleks opgerig het, is in 1885 verkoop.
Die Britse Transvaal-losie het 'n kompleks op die hoek van Andries- en Vermeulenstraat gebou. Dié kompleks is in 1918 aan die regering verkoop en het later deel van die staatsbiblioteek geword.






## Huis

Dr Arnoldi het erf 322 op die noord-oostelike hoek van Kerkplein en Kerkstraat in 1864 by Jan Francois (Frans) Schutte gekoop.
Dit blyk dat Joao Albasini vir die gesin huishulpe gestuur het. Op 17 Julie 1870 het dr Arnoldi 'n brief aan Joao geskryf waarin hy kla dat twee van dié meisies, Kaatjie en Dammio, weggeloop het terug na die Zoutpansberg. Dr Arnoldi het vier verskalwers as vergoeding vir die verlies van die twee meisies geëis.
Hy is in 1864 ook as posmeester aangestel en in 1866 as heemraad. In 1865 het dr Arnoldi distriksgeneesheer van die Waterberg-distrik geword.
Sommige bronne bespiegel dat hy ook 'n boukontrakteur was. In 'Die Geskiedenis van Pretoria, 1855 – 1902' skryf Robert Peacock dat bouery aan die Gereformeerde Kerk in Pretoria erg vertraag is "aangesien die bou-aannemer Arnoldi, vermoedelik dr Arnoldi wat ook kontrakteur was, so stadig gebou het dat die bou-kommissie later self moes help bou".




*Dr Arnoldi se pa se 'Nationale Militie' sertifikaat*
*Bron: sites-cf.mhcache.com*

Dié aanname is verkeerd, siende dat ander bronne die bouer as JN Arnoldi lys, waarskynlik dr Arnoldi se broer, Joannes Nicolaas Bernardusz Arnoldi.

## Seuns

Een van dr Arnoldi se seuns, majoor Anné Francois (Frans) Arnoldi, het ook bekendheid verwerf. Frans het in die Anglo-Boereoorlog on-




*Dr Arnoldi se broer, Joannes Nicolaas Bernardusz*
*Bron: geni.com*









*Bernardus Gregorius Anthonius Daniel Arnoldi en sy tweelingbroer, Daniel Bernardus Gregorius Anthonius Arnoldi, se dooprekord op 27 November 1824*
*Bron: wikitree.com*

der generaal De la Rey geveg en ná die oorlog wou hy Suid-Afrika verlaat. Aanvanklik wou hy saam met 'n groot groep boere Argentinië toe gaan.
Hy en sy seun Edzard het in Augustus 1905 saam met Bon, Piet en Dirk van Breda na Kenia gereis. Hy is terug na Suid-Afrika en ten spyte van sy vrou, Johanna Adofina Grimbick (Annie), 'n nooi Bierman, se onwilligheid om die land te verlaat het die gesin op 8 Februarie 1906 vanaf die Uitkykstasie naby Middelburg na Lourenco Marques vertrek. Hulle het met 'n skip na Oos-Afrika gereis waar hulle deel van die boerepioniers in die Uasin Gishu plato geword het.
Frans was aanvoerder van die Belfield Scouts, 'n berede eenheid van die "East African Mounted Rifles". Met die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog het ongeveer 90




*'n Vroeëre foto van dr Arnoldi se broer, Joannes Nicolaas Bernardusz*
*Bron: geni.com*

boere by Frans se Arnoldi Scouts aangesluit. Hy is op 8 Desember 1915 in 'n skermutseling met die Duitsers op Maktau, Kenia dood.
Dr Arnoldi se ander seuns was Johannes Bernardus, Frederik Casper, Bernardus Gregorius Anthonius Daniel en Bernardus Henry Van Ketel.
Vreemd genoeg is die besonderhede oor dr Arnoldi se afsterwe in 1887 en die plek waar hy begrawe is, nie te vinde nie. Sy seun met dieselfde name as hy, Bernardus Gregorius Anthonius Daniel (1864 – 1952), se graf kan in die Ermelo-begraafplaas gevind word. Familienavorsers sê dat dr Arnoldi op Cullinan begrawe is, maar die graf in die Cullinan-begraafplaas is dié van 'n afstammeling met dieselfde naam: 'n Bernardus Gregorius Antonius Daniel Arnoldi wat in 1943 gebore is en in 1968 oorlede is.




*Dr Arnoldi se seun, Annè Francois Arnoldi, se graf in die Voi-begraafplaas in Kenia*
*Bron: Wikitree*

# Hout is klassiek, maar . . .
# DIE ANTWOORDE

**FD Maintenance spesialiseer in die herstel en behandeling van houtvensters, -deure en -rame.**



Houtvensters, deure en rame kan baie waarde en warmte toevoeg tot u eiendom, mits dit reg en gereeld behandel word. Voorkoming is beter as heling is waarlik van toepassing as dit by hierdie items kom. Hout is 'n lewendige produk, en om maksimum lewensduur te kan verseker moet 'n voggehalte van ongeveer 12% voortdurend gehandhaaf word.
Ons is sedert 1986 in die bedryf en is dus deeglik bewus van die probleme waarmee huiseienaars sit. Die gebrek aan kennis van sommige kontrakteurs skep ook 'n probleem in hierdie gespesialiseerde veld.
Verkeerde produkte soos vernis word byvoorbeeld aangewend. Hout beweeg soos seisoene verander wat uitsetting- en inkrimping meebring. Dit het tot gevolg dat vernis begin afdop. Hierdie afskilfering bring mee dat die delikate interne voggehalte versteur word. Alleenlik penetrerende oliebasisprodukte moet gebruik word. Met al die wonderlike behandelingsformules deesdae op die mark is die dae van Rou-lynolie ook verby. Waak egter teen te donker getinte produkte wat onnodig hitte aantrek.
Die afskuur van items kan katastrofiese gevolge inhou en word vir verskeie redes nie aanbeveel nie. Dit laat onder andere kolle en strepe agter.
Sodra 'n grys/swart kleur op die oppervlak (veral aan die onderkante begin sigbaar raak, dui dit die begin van 'n verrottingsproses aan. Dit verg onmiddelike aandag om skade te beperk.
Dit is van uiterste belang dat wanneer deure, skuifdeure en opvouskuifdeure behandel word, dit uitmekaar/ afgehaal word sodat die onder- en bokante geseël kan word ten einde vogpenetrasie te beperk. Ons vervang gereeld die onderste dele (sill) waarop die spore aangebring is van skuif- en opvouskuifdeure wat verrot het.
Dit is aansienlik goedkoper as om die hele item te vervang. In die proses word die nuwe hout aan albei kante goed geseël om die penetrasie van vog te help teëwerk. Afgesien van behandeling gaan ons eers alle items na en die nodige herstelwerk word gedoen. Vensteroopmakers word meestal afgehaal vir herstelwerk. Sodra 'n oopmaker iewers vashaak kan dit begin skeeftrek wat waterlekkasies meebring.

**Laat u probleme oor aan ons en skakel 082 440 0676 vir 'n gratis kwotasie of stuur 'n e-pos na tjaart@fdmaintenance.co.za**











## REFRACT ALTERNATIEWE GESONDHEID IN KLEINFONTEIN EN PRETORIA-OOS

### Alternatiewe Geneeskunde
- BIO – RESONANSIE FREKWENSIE TEGNOLOGIE
- SKANDERING VAN U HELE LIGGAAM
- DIE MEES GEVORDERDE TEGNOLOGIE EN TOERUSTING
- TEGNOLOGIE WAT DIE OORSAAK VAN U KWAAL ONTDEK
- HERAKTIVEER JOU HELE LIGGAAM
- ONTDEK DIE GAWE VAN OPTIMALE GESONDHEID

### Behandeling
- EERSTE KONSULTASIE – SKANDERING VAN U HELE LIGGAAM – ALLE ORGANE, SELLE, BLOED, SPIERE EN SKELET – SLUIT IN BEHANDELING VAN DIE SIMPTOME EN OORSAAK VAN DIE KWAAL
- BEHANDEL ENIGE MEDIESE KONDISIE
- AKUUT OF CHRONIES
- AFSTAND BEHANDELING OP DNA - NA EERSTE KONSULTASIE

### Medikasie bestaan uit natuurlike organiese kruie
- AL ONS MEDIKASIE IS NATUURLIK EN CHEMIKALIË VRY
- AL ONS MEDIKASIE WORD SELF VERVAARDIG – ORGANIES
- AL ONS MEDIKASIE WORD MET DIE KRUI SE SPESIFIKE FREKWENSIE GELAAI VIR OPTIMALE MEDISINALE RESULTATE
- ONS MEDIKASIE WORD INDIVIDU SPESIFIEK VIR U KWAAL EN KOMPOSISIE VERVAARDIG

### Produkte
- SIEN ONS WEBBLAD VIR PRODUK INLIGTING - www.refract.web.za

### Kostes
- EERSTE KONSULTASIE SLUIT SKANDERING, BEHANDELING EN GESONDHEIDS ADVIES IN **R 750.00**
- MEDISYNE KOS **R 200.00** PER BOTTEL

### Praktisyns
- **MICHAEL LOMBARD** – NATUURLIKE GENEESHEER – GEREGISTREER BY DIE AFRICAN NATURAL MEDICINE ASSOCIATION (ANMA)
- **STEVE DICKINSON** – APTEKER (B-PHARM) GEREGISTREER BY DIE SUID-AFRIKAANSE APTEKERSRAAD (SAPC)
- **CLAUDIA LOMBARD** – GESONDHEIDS- EN LEWENSAFRIGTER GEKWALIFISEERDE GRAAD SUSTER (B - CUR) EN NATUROPAAT – GEREGISTREER BY DIE SUID AFRIKAANSE VERPLEEGSTERSRAAD (SANC)

**KONTAK ONS VIR 'N AFSPRAAKEN/OF LOS 'N BOODSKAP**
CELL **062 046 2989** EMAIL **refract@web.za** WEB **www.refract.web.za**

# Petro se kosbare aandenking

**_Betsie Steyn_**

Petro Joubert, 'n nuwe inwoner op Kleinfontein – oorspronklik van Standerton – besit 'n baie kosbare nalatenskap wat dateer uit die konsentrasiekamptye.
Petro se ouma, Hannie Viljoen, was in Brandfortkamp aangehou en het 'n manteltjie gedra wat gedurig afgegly het. Die beroemde Engelse vrou, Emily Hobhouse, het met 'n besoek daar dit opgemerk en háár eie borsspeld gebruik om die mantel vas te steek. Dié borsspeld het Petro, 'n kleindogter, gebore Viljoen, geërf.
Ouma Hannie het met net een kind, 'n dogter, uit die kamp gekom.
Petro se pa, Jan, was die eerste kind van ouma Hannie wat ná die Anglo-Boereoorlog op Marquard gebore is. Hy is later met Anna getroud en sy het op dié borsspeld in 'n laai van haar skoonmoeder afgekom. Hannie het dit toe ook vir Anna gegee, waarna dit later na Petro oorgegaan het.



*Petro Joubert, links, oorhandig die borsspeld in 1998 aan Lucia van der Berg* Foto: verskaf

Petro het dié borsspeld op 22 Mei 1998 aan Lucia van der Berg, eggenote van die stigter van Radio Pretoria, dominee Mossie, geskenk. Lucia was ook die stigter van die radiostasie se Vroue-aksiebeweging. Sy het baie replikas as aandenkings van die legendariese Emily laat maak en dié is volgens die oorspronklike borsspeld in silwer en goud gegiet. Petro self het twee, wat sy nog in haar besit het, oorgehou.
Die borsspelde is verkoop en die merkwaardigheid daarvan is dat, met die 100-jarige herdenking van die Vrouemonument in Bloemfontein, toe twee groot busse vol vroue soontoe was, het elkeen van hulle so 'n borsspeld aangehad.
Omdat die vroue niks van hulle goed na die kamp kon neem nie, het ouma Hannie haar Bybeltjie voor in haar bors versteek.
Petro het dié Bybeltjie ook vir die Vroue-aksiebeweging geskenk.



*Petro met die twee borsspelde – een in goud, die ander in silwer geset*
Foto: Louwrens Brits

Die 89-jarige Petro wonder of Aksie-vrouekrag nog bestaan en of die oorspronklike borsspeld en Bybeltjie nog in hulle besit is. Dalk kan een van die ander stigterslede – Vlooi Kroon – dit vir haar sê.

# A tree named Bobby

**_Bruce Harvey_**

Some years ago a beautiful baby was born in Cape Town. He was named Alex after his father's side of the family and lived with his maternal grandparents for about four years.
His biological parents each paid maintenance to them, but had very little contact with Alex.
They had divorced and had both taken new partners. The biological parents later discovered that they both lived in Pretoria and it was decided that Alex would come to live with his father and stepmother, also seeing his biological mother.
His new "mother" had a father called Bruce who "adopted" Alex as his grandson. Bruce took Alex and his biological granddaughters to Sunday school at Corpus Christi, where he was a Sunday School teacher. In class it was decided that all the children would plant an acorn in a pot and nurture it until it needed to be replanted.
Outside the church was a magnificent oak tree where the acorns were collected. The children decorated their pots with pretty pictures and their names. The idea was to teach children to care for and love something, while illustrating how a small acorn can grow into a huge tree.
Each Sunday the children diligently watered their pots and waited for the acorn tree to grow. The end of the term arrived and there was no sign of any life in the pots. During the holidays there was no Sunday school. Five weeks went by and the Sunday before the children were due to come back a small miracle took place. Some of the pots had small trees that had suddenly sprung up as if overnight.
Growth was very slow but the children proudly showed their trees to their parents and kept watering and hoping. Later a church fete was held and Bruce gave all the pots to the garden section and explained to the children that funds for the church were badly needed. On the children's insistence all the pots were repurchased from the fete by their parents.
Alex and his stepsisters brought their pots home and left them outside. After the winter, the trees looked a little worse for wear with only a few leaves left. Hope was not lost, however.
Bruce helped Alex to plant his tree at the back of the garden, but things didn't look good. In fact, the few leaves fell off and only a stick was left.
Alex's great grandfather was a man called Bobby. On his 90th birthday Alex went to Cape Town to take part in the celebrations. They spoke about the acorn tree and on the spur of the moment Alex decided to name his tree Bobby.
Back in Pretoria the tree would occasionally grow a few leaves only to lose them again. Alex and grandpa Bruce kept watering with limited lasting progress. A few years went by and then great grandpa Bobby passed away.
This is when the miracle happened. A few weeks afterwards the tree produced about five leaves. After a further two weeks Bobby had 20 leaves, and has never looked back since. Today Bobby is over three metres tall and is making its shade available to anybody who wishes to sit there.
Some people say that the spirit of great grandpa Bobby is in the acorn tree named after him, because it was at the time of his passing that Bobby the tree started flourishing. Grandpa Bruce seems to think it is a way of telling Alex that if you look after something and nurture it with hope, great miracles will happen.



*Alex at the tree named Bobby*
Photo: Bruce Harvey









# Só eet jy kom-kuier-kos uit die veld en só  maak jy visbobotie

***In 'Mymerkos' hoor ons graag van lesers oor resepte wat heimwee wakker maak. Lesers is welkom om vir ons 'n ou familieresep te stuur saam met 'n foto van die ma of ouma wat die resep 'n familiedis gemaak het of 'n foto van hoe so 'n dis lyk.***


Wat het die eerste mense op aarde geëet en hoe het hulle dit voorberei? Diegene wat gedink het daar is nie resepte vir dié soort veldkos nie, sal verstom wees om te hoor dat 'n funksie eens in Pretoria gehou is met 'n vier-gang maaltyd gebaseer op dr Renata Coetzee se dekade-lange navorsing.

Dié funksie is ná Renata se dood gehou met die herbekendstelling van haar laaste boek, 'A Feast From Nature – Food Culture of the First Humans on Planet Earth' (2015). In dié boek het sy die voedsel-kultuur en lewenstyle van die vroegste mense ondersoek en dit met dié van die Khoi-Khoin in verband gebring.

## Spyskaart

Die ongewone spyskaart by dié funksie het begin met marog-puree, spekboom-jel, pelargonium, suurlemoenskuim, gepiekelde papkuil-lote, saamgepersde aalwyn-botsels en inheemse eetbare blomme.

Dit is deur 'n duinspinasiesop met diepvetgebraaide vlakvarkbiltong



*'Spys en Drank – Die oorsprong van die Afrikaanse eetkultuur'*
*Bron: bobshop.co.za*

gevolg. Daarna was dit tilapia bedien met see-vinkel, oesterblaarpuree, houtsuring en bokkomkrummels.


Die hoofgereg was gesmoorde springbok-skenkel saam met 'n dun skyfie krakerige ystervarkvel, gebotterde slaaibossie en waterblommetjies, amadumbe ('n kruidagtige wortelgewas), geroosterde uintjies, kriek-rys en 'n aftreksel (glace de viande).

Nagereg was 'n boegoe panna cotta bedien met gepreserveerde t'samma (amper soos 'n spanspek) en 'n appelliefie en rooibos-sousie. Daar was ook 'n krummel-varkoortert en akasiaheuning-lekkergoed.

## Boeke

Renata het oor vyf dekades pioniersnavorsing oor die verskillende voedselkulture in Suid-Afrika gedoen en het nege boeke geskryf. Een van haar heel eerste boeke, 'Spys en Drank – Die oorsprong van die Afrikaanse eetkultuur' (1977), gaan oor die multi-kulturele kos- en sosiale gebruike in die Wes-Kaap tussen 1652 en 1800. 'Funa – Food from Africa' (1982) het op tradisionele Afrika-koskulture gefokus. 'Koekemakranka – Khoi-Khoin-Kultuurgoed en Kom-Kuier-Kos' (2010) is op die Khoi-Khoin voedselkultuur gebaseer.

Renata Marié Coetzee is op 31 Januarie 1930 op Reitzburg in die Vrystaat gebore en was hoofmeisie by die Hoërskool Gimnasium op Potchefstroom. Sy het 'n B.Sc.-graad in dieetkunde en 'n onderwysdiploma by die Potchefstroomse Universiteit behaal, 'n M.Sc-graad in voeding by die Universiteit Stellenbosch, 'n diploma in massa-spysenering by die



*'Koekemakranka – Khoi-Khoin-Kultuurgoed en Kom-Kuier-Kos'*
*Bron: bobshop.co.za*

Cornell Universiteit in Amerika en 'n diploma in volume kombuisontwerp by die Universiteit van Michigan, Amerika.

Renata was onder andere direkteur vir voeding en etniese spysenering by Anglo American goud- en uraanmyne, waar sy daagliks in beheer van die voorbereiding van meer as 250 000 maaltye was. Sy was ook senior dieetkundige by die Universiteit Stellenbosch, verantwoordelik vir 21 koshuise, ses banketsale en twee studentekafeterias se spysenering.

Sy het programme oor tradisionele Suid-Afrikaanse disse vir die Smithsonian Instituut in Washington se African Studies Group en vir Suid-Afrikaanse ambassades in 10 lande aangebied.









Renata was gaslektor aan die Universiteit van Wisconsin in Amerika en die plaaslike universiteite op Stellenbosch, Pretoria en Potchefstroom. Sy was met Johan Marais getroud en het op Stellenbosch gewoon.

In 2002 het sy die kanseliersmedalje van die Universiteit van Pretoria ontvang. In 2007 het die Noordwes-Universiteit 'n eredoktorsgraad aan haar toegeken. Sy kry ook eretoekennings vir uitnemendheid in spysenering van L'Institut Culinaire en 'n Cordon Bleu-toekenning van Silwood Kitchens vir haar navorsing.

'Koekemakranka' is in 2010 as die wenner van die Suid-Afrikaanse deel van die internasionale Gourmand-wêreldkookboektoekennings in twee afdelings aangewys: die beste kulinêre geskiedenisboek en die beste kookboek.

In 2016 ontvang sy 'n besondere erepenning van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. Renata is op 27 Junie 2018 in die ouderdom van 88 op Stellenbosch oorlede.



*'A Feast from Nature – Food Culture of the First Humans on Planet Earth'*
*Bron: mapmyway.co.za*


## Visbobotie

Ons gebruik Renata se resep vir visbobotie uit haar boek, 'Spys en drank'. Die resep lewer vier tot ses porsies.

**Bestanddele:** 25 ml botter of olie / 1 groot ui, gekap / 1 dik sny brood / 250 ml melk / 1 kg gevlokte, gaar stokvis / 12,5 ml appelkoskonfyt / 50 ml suurlemoensap / 75 g ontpitte rosyne / 10 droë appelkose / 30 ml kerriepoeier / 12 amandels in kwarte gesny / 5 ml sout / 2 ml peper / 6 suurlemoen- of lourierblare / 2 eiers

**Metode:** Voorverhit die oond tot 180 °C. Verhit die botter of olie in 'n pan en soteer die ui.

Week die brood in die helfte van die melk. Meng al die bestanddele behalwe die eiers, die res van die



*Renata Coetzee*
*Foto: Willem Malherbe*





*Visbobotie* *Bron: Tradisionele kos*

melk en die suurlemoenblare. Skep in 'n oondskottel en druk die suurlemoenblare in. Klits die orige melk en eiers saam en giet oor die vis. Bak vir ongeveer 45 minute in die oond. Sit voor met rys, blatjang, gerasperde klapper en gekapte neute.













# Deur die lens van ons lesers


**In 'Leserslens' plaas ons foto's wat die aard en gevoel van die Bronnie se verspreidingsgebied uitbeeld, soos gesien deur die lens van ons lesers. Jy is welkom om jou foto's te stuur aan info@bronberger.co.za of om dit op ons Facebook-blad te plaas. Beskikbare ruimte bepaal hoeveel foto's ons in 'n uitgawe kan gebruik. Ons bêre alle foto's en poog om soveel moontlik in opvolgende Bronnies te publiseer.**




*Roma, die kietsiekat, geniet die winterson-netjie*
*Foto: Naomi Niewoudt*




*Nadine Minnaar sê dat haar ma, Ester, dié foto met sonsopkoms op Tierpoort geneem het voor hulle met die perde se skoudag begin het*




*Kyk net die kordate houding van dié wit-penssuikerbekkie*
*Foto: Albert Bester*




*Laatmiddagwolke oor Welbekend*
*Foto: Coenie Henry*



*Die son sak oor Kiewietlaan, Kleinfontein*
*Foto: Annette Erasmus*




*Nimue Fletcher het dié protea van naderby bekyk*




*Emma Koekemoer het dié sonsopkoms-oomblik verewig*




*Donkerhoek, op die einde van die voorbrand*
*Foto: Willem Otto*



*Die son sak oor Zwavelpoort*
*Foto: Elaine Groenewald Hope*



*Emma Koekemoer stuur dié sagte pienk blomme vir Bronnie-lesers*



*Die son sak oor Cullinan*
*Foto: Nimue Fletcher*



*"Elke dag kan mooi eindig, maak nie saak wat gebeur nie," sê Emma Koekemoer*



*"Lugstrepe," sê Eus de Clerk oor dié wolkfoto wat hy geneem het*



*Aalwyne by die Diamond Hill tolhek-kantoor*
*Foto: `Alet Erasmus*


GD GRANITE CC
GRAFSTENE/TOMBSTONES
Vervaardigers van hoë kwaliteit grafstene
012 802 0087 / doricia@gdgranite.co.za
Koop direk van die fabriek
Volledige diens: vanaf kwotasies, bewoording en oprigting
Rig orals in Gauteng en omliggende dele op
Onbeperkte letters op grafsteen
DONKERHOEK QUARRIES, PTA-OOS (12km vanaf Hans Strijdom op ou Bronkhorstspruitpad)

CULLINAN ENGINEERING
All engineering, welding, sand blasting, inserts, rethreading, milling, aluminium welding, bearing press, farming implements fabrication and repairs, lathe work, pipe cutting, fabrication of steel work, vehicle head skimming, flywheel skimming, hub skimming, cut keyways, toolmaking-Fabrication and repair of tools, jigs and fixtures.
Unit 3B Ko-op Centre, R515 Cullinan 078 084 8592

Spring Cleaning SA
NOW OPEN ~ NO LOAD SHEDDING ISSUES
• Specialized cleaning of Persian Rugs
• Cleaning carpets • Laundry • Chemical sales
• Washing duvets and blankets • Mattress cleaning
• Cleaning wedding dresses and curtains
Unit 7 Ko-op Centre, Cullinan Next to Afgri 072 513 2554

"Vic-Haven"
Aktiewe Aftree-oord
RIG U NAVRAE AAN:
admin@vichaven.co.za
079 242 6525
By Vic-Haven Aftree-oord, in 'n rustige plaasomgewing, 30 km Oos van Pretoria, beskik ons oor die volgende:
• Verskeie enkel- en dubbelkamer akkommodasiegeriewe vanaf R7,500/maand vir 'n volle diens (3 etes per dag, wasgoed, skoonmaakdienste.)
• Tweeslaapkamer selfsorg duette vanaf R7,000.00/maand.






# Is it senility, disease or normal ageing?




**Dr Liesel van der Merwe is a small animal medicine specialist. Send her your questions: info@bronberger.co.za.**


We see more of age-related illnesses as veterinary care and nutrition of our pets improve. Canine dementia or senility, properly called canine cognitive dysfunction (CCD), is a syndrome in older dogs characterised by deficits in learning, memory and spatial awareness as well as altered social interactions and sleeping patterns.

For example, some older dogs may suddenly forget all their house training and urinate wherever and whenever, even if there is clear access to the garden.

As owners we often just label these changes as normal ageing, when in fact they can, to some degree, be managed. The prevalence of CCD increases with age regardless of the weight of the dog and is also more prevalent in females.

Additionally, certain diseases may also affect the central nervous system causing behavioural changes. These should obviously be diagnosed and managed accordingly.

## Groups

Behavioural changes associated with CCD fall mainly into five groups:

- Altered social interaction;
- Loss of house training;
- Disorientation;
- Loss of the sleep-wake cycle; and
- Changes in physical activity levels.

These can manifest as pacing, circling or aimless wandering, staring at the wall or blankly into space, walking into furniture or walls, getting stuck in corners or behind furniture, going to the hinge side of the door, barking for no reason, failure to recognise people and other pets, difficulty in finding dropped food, standing over the water bowl but not drinking, to mention just a few.

## Causes

Medical causes of the above symptoms may include brain tumours, hormonal diseases such as an underactive thyroid (usually in large breed dogs) and a pituitary gland tumour which is usually small and only causes Cushing's Disease, but in some dogs the pituitary tumour is large and presents as a brain tumour.

CCD is characterised by deposits of proteins within the nerves and nerve pathways, which is similar to the plaques deposited in the brains of people with Alzheimer's disease. Normal cell metabolism produces harmful substances called free oxygen radicals. In healthy animals antioxidants neutralise these radicals.

As animals age they produce more free radicals and less anti-oxidant, leading to cell damage caused by the free radicals. This cell damage causes inflammation and, in the brain, the deposition of the amyloid protein responsible for impairment of function.

## Treatment

Although there is no successful treatment for CCD, signs can be delayed with diet, behavioural and pharmacological treatment. Mental stimulation in the early stages is essential (Sudoku for dogs!) and may delay clinical progression. Punishment for lapses in normal behaviour is contra-indicated as this will cause more anxiety for the pet.

Specialised diets rich in anti-oxidants may decrease the rate of progression and even improve cognitive function and may also have a protective effect. The premium diets senior care range has added anti-oxidants.

## Benefit

Neutraceutals containing anti-oxidants have also shown a benefit. Certain drugs have also been prescribed in an attempt to improve dullness, lethargy and overall demeanour and may increase willingness to exercise and exercise tolerance.

So, before you think that Cuddles is senile and you have to live with it, have her checked out and discuss the above-mentioned options with your veterinarian. You may still get a few happy normal years out of her.



pets pantry
MOOIKLOOF PETSHOP
Battered but not Beaten
Pets Pantry downsized to a single unit during May. This will significantly reduce our overheads and allow us to work on improving our stock levels from June onwards.
Dr Liesel, Liesel and Hans would like to thank all our loyal customers who supported us during these trying and obviously frustrating last few months.
MOOIKLOOF VILLAGE
CNR GARSFONTEIN RD & JOLLIFY MAIN
012 996 3369
Trading hours:
Weekdays: 8:30am - 6pm
Saturday: 9am - 3pm
Sundays & public holidays: 9am - 2pm

Donkerhoek
Veeartsenykundige Spreekkamers
Veterinary Consulting Rooms
Prof C.M.E. McCrindle
BVSc (Hons) PhD (Vet Eth) (Pret)
072 974 4914
SATURDAY CONSULTATION 9 AM TO 1 PM FOR WALK-IN CLIENTS
MOBILE CLINIC DURING WEEK
Plot 115, Kaalfontein, on the R515 next to David's Store

Von Wielligh Rottweilers
• ALBEI OUERS IS BY KUSA geregistreer
• 5 Reuntjies • 2 Tefies
• Hondjies ongeregistreer
• Beskikbaar vanaf 11-18 Aug
• Eerste inentings gedoen
Marqueret 083 349 7625
Herman 067 061 3749

ORYX
• DIGGING TRENCHES • DIGGING POOLS
• DIGGING FOUNDATIONS
• LANDSCAPING WORK
• FITS IN SMALL SPACES
• TRUCK RENTAL
Mini excavator rental
Jacques 079 458 4485 / oryxrevamp@gmail.com

Wendy house special from treated pallet wood
3m x 3m R6 500 • 3m x 4m R7 500
Big or small, we do them all!
Marius 073 133 1452
Jan 078 296 2899




Bronnie van den Berg

# Ou Kraai is toe Stilveld toe



Jare her het ek nogal gereeld saam met oom Jan Kom-drink gekuier – in die polisiekantien op 'n plattelandse dorp. Oom Jan en sy broer, Wally Combrink, het tot anderkant hulle 50's nog rugby vir die dorpspan gespeel. Twee taai manne wat hard kon speel en hard kon kuier.

Oom Jan Kom-drink het baie pêlle gehad. Jy kan maar sê hy was almal se pêl. Selfs ou Kraai kon met vrymoedigheid 'n geselsie met oom Jan aanknoop, al het al die ander manne in die klub ou Kraai soos die pes vermy.

Want ou Kraai was 'n opperste ou vrek en ou Kraai het nie altyd te lekker geruik nie. Hy het ook altyd net genoeg geld vir een bier kantien toe gebring en dan gesorg dat hy hom iewers in 'n kuierkringetjie inwurm vir as daar 'n rondte gekoop word.

Maar oom Jan was altyd vriendelik en verdraagsaam teenoor hom. Hulle was blykbaar donkiejare gelede pêlle op skool en oom Jan was nie van die soort wat 'n pêl sommer net vergeet het nie. Op 'n dag het ek oom Jan Kom-drink uitgevra oor ou Kraai en toe vertel hy my:

Kraai het sy hele lewe lank in 'n woonwaentjie gebly. Nooit getrou nie. Nooit eers 'n meisie gehad nie. Dit nadat sy groot jeugliefde tragies dood is toe hulle so 18 jaar oud was. Kraai se ouers was gesiene boere in die distrik en dit is algemeen aanvaar dat ou Kraai sal gaan boer as hy klaar skool geloop het. Maar toe tref die ongeluk die gesin en hulle verloor alles, plaas inkluis.

Só het ou Kraai toe ná skool by die tabakkoöperasie begin werk en in sy woonwaentjie ingetrek. Deur die jare het hy elke geldjie wat hy by die koöperasie en as skrynwerker in sy vrye tyd verdien het, gebêre. Nie in die bank nie, maar onder die woonwaentjie se vloer.

En vandag, só vertel oom Jan my toe, is ou Kraai 'n skatryk man.

Dit gebeur toe dat ou Kraai skielik nie meer polisiekantien toe kom nie. 'n Kraailose week of wat verloop voor ek oom Jan Kom-drink vra wat dan van ou Kraai geword het.

Ek sal nooit sy antwoord vergeet nie: "Kraai is stilveld toe." Stilveld toe. Ek het gedink oom Jan bedoel dat die ou die tydige vir die ewige verruil het, maar nee, sê oom Jan. Hy is weg. Hy het net weggeraak. Niemand weet waarheen nie.

Sy woonwaentjie net daar met die opgeligte vloer gelos en sonder 'n woord aan iemand is hy vort. Stilveld toe.

***Gerhard Kleijn; Januarie 2008***















# Hidden benefits of limiting beliefs

Do you consider yourself to be a manipulative person? Of course you don't. But, what if I tell you that we're all unconsciously trying to manipulate the people around us so that we can feel safe? We don't know we're doing it because we're acting on invisible beliefs.

I recently watched a series of online workshops hosted by Rikka Zimmerman in which she helped people to dive deep into the core beliefs that shape their reality so that they can discover the hidden benefits of their limiting beliefs about themselves, their bodies as well as their relationships with others and with money.

Rikka says that beliefs are an expression of the unconscious, which makes them difficult to be aware of, because you believe they are real. Also, these beliefs cause incidents that further validate the distorted way you experience the world, which cement the belief into your reality. You become a victim of those beliefs.

"Now, here's one of the biggest secrets to unlocking beliefs . . . All beings have an internal mechanism that leads them to what they believe is beneficial. Science calls this the reward/punishment system," Rikka says.

We move towards pleasure and away from pain; towards reward, away from punishment. So, if you are experiencing something you don't prefer, you need to find out what is making it more beneficial to have the experience you are having rather than the experience you would prefer?

For example: "If I believed I were good enough, how would that not benefit me? People would judge me and think I was selfish or self centered. I would stand out and people would want to cut me down and I wouldn't be safe," Rikka says.

"Believing I'm not good enough will keep me safer, more accepted, liked, loved. I won't be judged as too much or superior. I will not experience a loss of love. I will experience less suffering. Just look at these breathtaking benefits! But, is any of this actually true? No!"

Can you notice that all of the benefits to the belief "I'm not good enough" are about manipulating other people? You want them to 'stop judging' you. You want them to accept you, like you or love you.

Rikka says you should ask yourself: What if all beliefs that I hold were a form of manipulation? What if, instead of manipulating, I could just know who I am and choose for myself?

Matt Kahn tells a story about a classic example where one would usually try to manipulate a specific outcome. Imagine you are about to go for a job interview, but you are emotionally extremely vulnerable due to the death of a loved one.

"You consider canceling or even rescheduling, but today is the only opening they have – and your nagging monthly bills inform you that you cannot delay this any longer. With doubt in your heart, resistance in your body, and a storm of negative thoughts you venture off to the interview in exactly the type of condition you would never wish to present to the general public."

"Upon entering the interview, the person in charge asks how you are doing. Do you lead with your most idealistic version of who you think they'll resonate with, or do you dare to be honest?"

"What if you said, 'To be honest, my life has been a bit consumed due to the death of a loved one.'? What if, in response, they said, 'You know, I really understand. Today is actually the anniversary of my mother's death.'?"


"Imagine how the honest approach your ego thought would be a way of sabotaging the interview became an unsuspecting way of bonding with the interviewer in the most unlikely way. Even if such an answer had ended the interview on the spot, it may have occurred at a company who yearns to hire people with little to no family so their lives may be consumed with advancing their career."


Matt says that the one way to guarantee building authentic resonance with those you will enjoy thriving with is by daring to be honest. Then it's not a matter of what does or doesn't happen, but a matter of who you're becoming as you're getting to know yourself. Who are you becoming, girlfriend?

As Matt says: Your life awaits your most authentic arrival.








STUMBELBLOC
PRETORIA (PTY) LTD
HOUSES ■ STORE/WORKSHOP ■ BOUNDARY WALLS ■ GARDEN BEDS
Easy Construction Done - HALF THE TIME
NO MORTAR REQUIRED
DIP & PACK
No Lintels Required
THE HOLLOW BLOCK OFFERS THERMAL QUALITIES
We Supply Small or Large Quantities
OUR BLOCKS ARE TESTED AND ARE NHBRC COMPLIANT
@ Stumbelblocpta
www.stumbelbloc-pta.co.za
T: 012 943 4943 C: 061 538 4891
E: admin@stumbelbloc-pta.co.za

Daar is 'n alternatief!
Alternatiewe Energie
& Selfstandigheid ekspo!
8-10 Augustus 2024
Diamantvallei Landgoed, 20km oos van Pretoria
36 000+ Besoekers
600+ Uitstallers
50% Afslag indien vooraf registreer!
Kinders tot 18 GRATIS.
OPVOEDKUNDE SUB-EKSPO
LANDBOU SUB-EKSPO in samewerking met TLU SA
KUNS & KOU MARK in samewerking met Solidariteit Helpende Hand
NUUT: Vervoerafdeling
SAKELIGA
KragDag
doen jou eie ding
087 231 1644
www.kragdag.co.za

# KRUIE

Progast

**VERWYDER ONGEWENSTE FEKALE OPHOPING!**

## ONGEREELDE HARDLYWIGHEID

## KOLONREINIGING

### ERVAAR VERLIGTING BINNE 6-12 URE




**WWW.TARA.ORG.ZA**

**S0:** Hierdie produk is 'n Komplementêre Medisyne (Kategorie D33.7); en word volgens sy dissipline as 'n kombinasieproduk geïdentifiseer. Hierdie ongeregistreerde medisyne is nie deur die SAHPRA vir sy gehalte, veiligheid of beoogde gebruik geëvalueer nie. Verwys asseblief na die voubiljet.